Afrikaans Tweede Taal HG VR 3 **NOVEMBER 2007**

ALGEMEEN:

Die vraestel word slegs deur die privaat kandidate geskryf. Dit blyk dat daar hierdie jaar ? toename in die aantal kandidate was wat die vraestel afgelê het, alhoewel dit nie naastenby aansluit by die geprojekteerde getal nie.

Dit blyk dat kandidate nie onderrig in die vraestel ontvang nie.

Dit kan gesien word aan die manier waarop die vrae beantwoord is.

AFDELING A : LANGER SKRYFSTUKKE

- Geen onderrig t.o.v. formaat
- Paragrafering ontbreek.
- Geen bewyse van inleiding en slotsin kan in die meeste gevalle nie raak gelees word nie.

AFDELING B: KORTER SKRYFSTUKKE (Funksionele Skryfwerk)

- Daar was in die meeste gevalle geen onderrig ten opsigte van vorm, styl en register vir spesifieke skryfsoorte (vriendskaplike brief, koerantartikel) nie.

AFDELING C: KORTER SKRYFSTUKKE (Transaksionele Skryfwerk)

- Vraag 3.3 was die beste beantwoord.
- Vraag 3.4 was bietjie verwarrend. Die meeste kandidate het heeltemal misgetas.

AANBEVELINGS:

- Indien kandidate in hierdie vraestel onderrig word, sal die punte aansienlik verbeter.
- Die formaat van verskillende skryfsoorte asook die onderrig van basiese skryfvaardighede behoort aandag te geniet.